

Vyfde week na Epifanie

9 Februarie

1Kor.2:1-12 (13-16)

Jesus die gekruisigde

Wie is die slimste mens, wat jy ken by wie jy nog die meeste in jou lewe geleer het?

Lof en aanbidding

Fokus nou op die Here in julle midde en sing vir Hom liedere waarmee julle Hom loof en aanbid. Daarna kom die groep tot rus by Hom en dink in stilte aan Hom. Sien jou God wat met liefde na jou kyk. Dink na oor iets besonder wat Hy die afgelope week vir jou gegee het, en hoe Hy Homself vir jou kom gee het. Sê vir Hom dankie. Iemand lees dan Psalm 112:1-9 terwyl die res dit biddend beaam in hulle harte. Herhaal die woorde: "Ek is gerus, ek vertrou op die Here" in jou stilte so driemaal.

Woord

1Kor.2:1-12 (13-16)

1. Lees eers weer die woorde in die gedeelte in stilte. Let op woorde of sinsnedes wat vir jou uitstaan en fluister die woorde saggies, sodat dit deel word van jou.
2. Lees nou eers 1:30 en dink daaroor na dat jy met Christus verenig is – Hy is die wysheid wat van God kom. Deel dan met mekaar wat dit vir jou beteken.
3. Die mense in Korinte was behep met wysheid. Hulle was lief vir debatte, redenasies en argumente. Wie is die ware wysheid en hoe deel Paulus Hom met die mense in Korinte? (Verse 1-5)
4. Wat is die kern van Paulus se verkondiging en wat is sentraal in die Gemeente van die Here? Lees verse 6-13 en deel met mekaar die woorde en sinsnedes wat die Here op jou hart lê. Wat beteken dit vir julle dat die geheim, die verborge waarheid nou geopenbaar is? Hoe het God gekies om sy geheim aan ons bekend te maak? Wie is die geheim?
5. Alles gaan oor Jesus, die Gekruisigde. As iemand wat met Jesus verenig is deur die Gees, kan jy dit verstaan. Hy is sentraal in die Gemeente, in jou lewe. Ons hele bestaan draai om Hom. Raak nou stil en dink na oor jou God. Die Vader wat die geheim aan jou bekend maak, Jesus die Gekruisigde, die Gees wat net na Jesus wys. Hoe verander die Gees deur hierdie gedeelte jou lewe?

Bedien mekaar

Draai 3-3 na mekaar toe. Vertel eers vir mekaar hoe julle die Here Jesus in mekaar sien. Deel dan julle behoeftes met mekaar en bid vir mekaar.

Uitsending

Hoe verander hierdie gedeelte ons verkondiging van praat oor onself na Jesus as die gekruisigde, in afhanklikheid van die Gees?